HANDVES VAN DIENSLEWERING

Die Departement van Kultuursake en Sport is verbind deur hierdie Handves van Dienslewering om gehalte dienste aan u te lewer. Kom ons verbeter dienslewering **BETER TESAME.**

Ons Verantwoordelikheid Teenoor U

- Ons sal korrespondensie binne 5 dae van ontvangs, erken.
- Ons sal binne 14 werksdae op kliëntekorrespondensie reageer.
- Ons sal probeer om telefoonoproepe binne vyf luie te beantwoord.
- Ons sal u te alle tye hoflik, met respek en op 'n beskaafde manier behandel.
- Ons sal u oor u diensbehoeftes en verwagtinge oor die vlak en gehalte van diens, raadpleeg.
- Ons sal volledige inligting op aanvraag in 'n oop en deursigtige manier verskaf.
- Ons sal spoedige en doeltreffende diens in ooreenstemming met toepaslike diensleweringstandaarde verskaf.

U Verantwoordelikheid Teenoor Ons

- Wees hoflik, beleefd en respekteer die waardigheid van amptenare wat die diens aan u lewer.
- Wees eerlik in u beraadslaging met ons.
- Oorweeg dit om uself beskikbaar te stel vir bemagtigingsprogramme.

ONS VISIE

Die visie van die Departement is om by te dra tot 'n sosiaal inklusiewe, kreatiewe, aktiewe en verenigde Wes-Kaap.

ONS DOEL

Die missie van die Departement is om uitmuntendheid en inklusiwiteit in sport en kultuur aan te moedig deur die effektiewe, doeltreffende en volhoubare gebruik van ons hulpbronne, en deur vennootskappe met ander. Soos ons nader aan uitmuntendheid beweeg, sal ons die toestande vir toegang tot massadeelname, die identifisering van talent en vaardigheidsontwikkeling skep.

Ons Dienste

Die Departement lewer die dienste wat hiernaas beskryf word.

Kuns- en Kultuurdienste
Fasiliteer die ontwikkeling, bewaring en bevordering van kuns en kultuur.

Taaldienste
Bevorder veeltaligheid in die Wes-Kaap as deel van die bou van trots en begrip onder ons mense, en aktiewe steun vir die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale.

Museum-, Erfenis- en Geografiese Naamdienste
Bevorder en bewaar die provinsie se erfenis deur museum-, erfenis- en geografiesenaamdienste.

Sport Bevordering
Bevorder geleenthede om in sport deel te neem.

Biblioteekdiens
Verskaf biblioteek- en inligtingsdienste.

Argiefdiens
Verskaf argief- en rekordbestuurdienste.

Sport Ontwikkeling
Bied toegang tot, en deur middel van ontspannings-gebaseerde geleenthede.

Ons Heg Waarde Daaraan Om Toeganklik Te Wees

Ons geboue is toeganklik vir mense met gestremdhede.

Ons geboue word duidelik met sigbare kentekens geïdentifiseer.

Ons Dienstoegangshandleiding verskaf kontakbesonderhede vir ons topbestuur.

Die Departement se Dienstestandaardskedule is beskikbaar by: www.westerncape.gov.za/cas.

Ons sal daarna streef om ons dienste in al drie amptelike tale van die Wes-Kaap te lewer.

Kantoorure:
Maandag tot Vrydag
7:30–16:00

Ons Regstellingsmeganisme

Vertel ons indien u klagte het. Ons sal om verskoning vra en sake onmiddelik regstel. Indien u nie tevrede is nie, sal ons ondersoek instel oor wat verkeerd geloop het en binne 14 werksdae antwoord verskaf.

Indien ons nie onmiddellik 'n telefoonnavraag kan oplos nie, sal ons die naam van die persoon gee aan wie die navraag verwys sal word, en 'n aanduiding van wanneer u kan verwag om van hulle te hoor.

U word uitgenooi om enige voorstelle, komplimente, opbouende kritiek of aanbevelings vir die verbetering van ons dienste of standaarde te rig aan:

Die Hoof: Kommunikasie, Tel: 021 483 9877, Faks: 021 483 9521 of E-pos: Dcas.Com@westerncape.gov.za.

Wes-Kaapse Regering Inbelsentrum: 0860 142 142 (07:00 tot 19:00)

Wes-Kaapse Regering
Kultuursake en Sport

BETER TESAME.

Verklaring deur Uitvoerende Gesag:

Ek, Anroux Marais, onderneem dat die Departement van Kultuursake en Sport, in terme van Deel III, C.2 van die Openbare Diens Regulasies, 2001 soos aangepas, aan hierdie handves sal voldoen.

AMarais 01/04/2018

Anroux Marais